## Die Essensie van Neo-Spektrum:

Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

## KONTAKBESONDERHEDE

Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** Almal se insette welkom

## ACIM Gespreksgroep

Ons sluit die jaar se ACIM af op
22November 2012
Almal wat die jaar bygewoon het is welkom

## BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

**Naam en Van**
__________________________________________

**E-Mail**__________________________ **Sel**__________________

**Woonadres**
__________________________________________

## ADRES

Vanaf N1 ± 8km tot by sirkel en uit in Koebergweg — tweede straat regs is:
Biccard Straat (Kolping Centre is aan jou regterkant)
Durbanville

| Bankrekening vir bydraes | BAIE DANKIE |
|---|---|
| **FNB: Wysheidsirkel**<br>Takkode: **201-409**<br>Rekening: **551 601 09804** | Ons vra vir 'n maandelikse bydrae hetsy per koevert of per EFT<br>**Groot ASSEBLIEF en BAIE dankie** |



# Neo-Spektrum
## 11 November 2012
## 'UITSTEL' IS DIE ... GEVAARLIKSTE WOORD
## CHANGE .. IS A CHOICE

## STILTE IN DIE KAPEL

~ Love Changes Everything — Michael Ball ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

8Hy deur wie die Sewester en Orion gemaak is,
Hy wat die donker in oggendlig verander
en die dag donker nag laat word,
Hy wat die water van die see roep
en dit oor die aarde uitstort,
sy Naam is die Here.
(Amos 5:8)

## STILTE VAN BUITE

~ Wind of Change — Acoustic Alchemy ~

Before you Pray – **Believe**
Before you Speak – **Listen**
Before you Spend – **Earn**
Before you Write – **Think**
Before you Quit – **Try**
Before you Die – **Live** !!!

# STILTE VAN BINNE

## GESPREKSIRKEL

**Voor enige iets gaan verander, moet EK verander.**

Godsdiens hou reëls & voorwaardes voor as PRINCIPLES (beginsels)
**Spiritualiteit** gaan oor VALUES (waardes)
Godsdiens loop voortdurend in die SPORE VAN ANDER mense
**Spiritualiteit** leer om jou EIE SPORE te trap en agter te los
Godsdiens gaan oor DOGMA (pragmatisme in die kerk = AM GOD)
**Spiritualiteit** gaan oor KNOWING & CONSCIOUSNESS
Godsdiens gaan oor DOING sonder om ooit té betrokke te raak
**Spiritualiteit** gaan oor BEING waar ons onthou: ONS IS ÉÉN
Godsdiens hou VREES & SKULDGEVOEL in stand (projeksie van EGO denke)
**Spiritualiteit** ontsluit jou POTENSIAAL (refleksie van SIEL denke)

**Life is the process of awakening; the process of knowing; the process of becoming.**

### VERANDER JOU GESINDHEID

Dit gaan nie oor verandering ter wille van verandering nie maar 'n fundamentele skuif in jou lewe. Dit móét begin by ons intensies, ons denke en ons WIL.

*"Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word. Julle gees en gedagtes moet nuut word; lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig" (Efesiërs 4:22-24)*

### VERANDER JOU REAKSIES

Verander is nie verloor nie. Mense wil net verander as daar nêrens anders heen is om te gaan. As ons intensies en gedagtes verander móét jou 'experience' verander.

*Moenie jou deur die kwaad laat oorwin nie,*
*maar oorwin die kwaad deur die goeie" (Romeine 12:21)*
*Dra liewer vrugte wat bewys dat julle bekeer is. (Lukas 3:8)*

**Bekeer**: μετάνοια (metanoia) - change of mind; ander denke; change of life.
Dit sluit in ons agterdog; persepsies, opinies, illusies en dubbele standaarde.

### VERANDER JOU REISPLAN (DOEL)

Let op jou woorde en gedagtes. Word sensitief in jou optrede en kyk na mekaar as ewemens en nie as vreemdelinge nie. Doen aan ander wat jy aan jou gedoen wil hê. Verander jou ego-denke na siel-denke en laat jou "JA" ja wees en jou "NEE" nee.
*"Jy is die "JA" van God, die "ja" op al die beloftes van God" (2 Korintiërs 1:18-19)*

God kan net VIR jou doen wat God DEUR jou kan doen

**MAAK 'N LYS VAN ALLES WAT JY WIL VERANDER EN SKRYF NEER HOE SONDER OM DIE WOORDE NIE, GEEN, MOENIE TE GEBRUIK.**

# FOR WHAT YOU GIVE, YOU BECOME !!

~ Ode to Simplicity — Secret Garden ~

---

## HERINNERING EN SEËNBEDE

Al sou die vyeboom nie bot nie
en daar geen druiwe
aan die wingerde wees nie,
al sou die olyfoes misluk
en die lande geen oes lewer nie,
al sou daar geen kleinvee
in die kampe meer wees nie
en die beeskrale sonder beeste wees,
nogtans sal ek in die Here jubel,
sal ek juig in God, my Redder.
(Habakuk 3:17-18)

Die Lewe versorg my soos 'n herder. Hy gee genoeg vir almal.
Die Lewe het groen graslande waar ek kan rus en waters wat my dors les.
Die Lewe lei my om in oorvloed te leef.
Ek kyk om my en weet wat LEWE is. Ek verwonder my daaroor.
Selfs al moet ek swaarkry of sterf, sal ek nie bang wees nie,
want dood en lyding is nie die einde van LEWE nie.
Die Lewe stop nooit. Daarom is ek altyd veilig.
My lewe op aarde is 'n fees waar selfs hulle wat nie van my hou nie,
saam met my kan aansit.
Ek deel my LEWE met almal. My beker loop van vreugde oor.
Ek weet ook in my lewe, sal dié Lewe vir my sorg.
Daarom is ek is tuis in die heelal nou en vir altyd.
(PSALM 23 VIR VANDAG)

---

## AS ONS UITSTAP

~ Both Sides Now — Joni Mitchell ~